

Wat is 'n ware geloof?

Teks: Mattues 13: 1 - 9 & 18 - 23 & Sondag 7
Teksvers: Mattues 13: 8 & 23

1. Inleiding

Vanaand in ons leerdiens fokus ons op die vraag: Wat is 'n ware geloof? Vandag om ons gaan daar baie stemme op vanuit die Christelike geloof. Maar in ons gewoonte as gereformeerde gelowiges gaan ons natuurlik na die Woord van die Here. En soos ons gewoonte is in die leerdiens, begin ons natuurlik op die opsomming van die woord van die Here in die Kategismus. Ons gaan in die besonder fokus op vraag 21 wat natuurlik vra: "Wat is 'n ware geloof" ?

Baie van ons ken natuurlik al van die kleintyd af die kort antwoord op vraag 21. Die kort antwoord is dat 'n ware geloof, 'n vasstaande kennis en vaste vertroue is. Natuurlik presies wat die antwoord in die kategismus vir ons sê. Maar ons aanvaar ook 'n derde komponent in die geloof. Dit wat in ons teksverse vanaand opgesom word, naamlik goeie vrugte. Maar hier aan die begin van die Kategismus is die klem so sterk op genade alleen, dat goeie vrugte eers later aan die beurt sal kom.

Ons gaan dan verder in die leerdiens fokus op die gelykenis van die saaier. Want die Here Jesus Christus gebruik juis hierdie gelykenis om te verduidelik hoe die evangelie werk in verskillende mense. Met ander woorde hoe die geloof arms, die waarheid van die evangelie omarm. Ons weet in hierdie gelykenis val die saad op verskillende plekke en daarom gaan ons telkens die verskillende plekke in verband

bring met die 3 tema's van ken, vertrou en dra goeie vrugte.

2. Geloof op die pad

Ons weet dat die saad wat gesaai word die evangelie van Verlossing in die Here Jesus Christus is.

Ware wysheid begin met die dien van die Here volgens spreuke 1 vers 7.

Duidelik is die kennis komponent van 'n ware geloof, die kennis van die Here. Dit wat aan ons geopenbaar word deur die Woord van die Here. Tog moet ons al hier aan die begin sê dat dit die Heilige Gees wat die vertroue binne 'n persoon werk. Uiteindelik wanneer 'n persoon tot geloof gekom het, doen hy/sy goeie werke uit dankbaarheid.

Maar met die saad wat op die pad val gaan dit dan soos volg:

Ons het hier te doen met mense wat die kennis van die evangelie as dwaasheid beskou. Die saad van die evangelie vind nie eers ingang nie. Want hierdie mense se denke is so hard soos 'n pad. Hulle wil nie iets hoor van 'n genadige verlossing in ons Here Jesus Christus nie. Hierdie mense verwerp ook geloof openlik, en is dikwels ateïsties, agnostici of navolgers van ander gelowe. Hulle beskou nie Christelike geloof as die ware geloof nie, en daarom is daar eintlik nie eers 'n argument oor geloof

by hul nie. Want hulle stel eenvoudig nie belang in 'n ware geloof nie.

Tog openbaar die Here hierdie reaksie op die evangelie ook aan ons, sodat ons nie verbaas is oor wat ook vandag rondom ons gebeur nie. Tog pas meeste mense waarmee ons daaglik te doen kry nie in hierdie kategorie in nie.

3. Geloof op 'n Rotsagtige plek

Die volgende saak is die saad wat op 'n rotsbank val, hier sien ons iets anders. Ons sien dat die kennis van die geloof gretig ingeneem word. Met ander woorde die evangelie word aangehoor met ywer. Maar uiteindelik is die evangelie nie diep genoeg in die hart gewortel nie. En daarom is daar nie 'n kans dat die geloof kan groei tot 'n volwassenheid van goeie dade nie.

Ook hierdie benadering is baie gewild rondom ons vandag. Want ons leef steeds in gemeenskappe waar die kerk voorheen 'n sentrale rol gespeel het. Baie van ons ken mense uit 'n belydenisafleggingsklas. Of miskien 'n latere tydperk van verdieping in die geloof in mense se lewens. Of dalk vriende en familie wat by kampe of geloofsbyeenkomste bymekaar gekom het. En baie van hierdie mense sal hulle self steeds vandag as gelowig beskryf, alhoewel hulle aan geen geloofsaktiwiteite deelneem.

Dit is 'n geloof wat ywerig iewers begin het. Maar die kennis wat ingeneem is, kon nooit werklik wortel skiet nie, wat die klipbank was daar. Dus ontwikkel hierdie geloof ook nooit tot 'n onwrikbare vaste vertroue in die Here nie. Die hartseer saak hier is dat daar nooit werklik sekerheid is oor die Verlossing in ons Here Jesus Christus nie.

Die klipbank is 'n kliphart wat net onder die oppervlak lê wanneer dit by geloofsake kom. En daarom is daar die apatiese, afsydige houding teenoor koninkrykswerk. Dus is daar geen sprake van goeie vrugte as dankbaarheid vir onverdiende genade nie.

4. Geloof tussen die dorings

Die volgende beskrywing vir geloof uit die gelykenis van die saaier, is die saad wat tussen die onkruid val. Hier kom ons al bietjie nader aan die ware geloof. In hierdie geval val die saad in die grond. Met ander woorde die kennis van die Woord word ywerig ingeneem. Hierdie kennis lei selfs tot 'n vertroue, want daar is nie 'n klipbank of verhardheid wat geloofsgroei verhoed nie.

Aanvanklik lyk dit op hierdie geloof verlossing in Christus aanvaar en stelselmatig daarop begin vertrou. Dit lyk of die fondament waarop gebou word, reg is. Alles lyk dus goed oppad na goeie dade. Maar dan kom die hartseer werklikheid. Hierdie saad is

tussen onkruid gesaai. En soos die onkruid groei verg dit net meer en meer voeding, voeding wat eintlik vir die geloof bedoel is. Uiteindelik groei die vertroue nie heeltemal tot op vaste plek nie, en op 'n dag word die vertroue gebreek deur 'n toegee aan die verleidelikheid van rykdom. Nou begin die fondament en gebou stelselmatig vir iets anders gebruik word.

Die goeie vrugte wat as dankbaarheid vir die geloof gedra moes word, word nou in diens van materiële rykdom aangewend. Of daar is een of ander ander saak wat later die plek van die vertroue inneem.

Later verdwyn die vertroue heeltemal en selfs die kennis word skielik betwyfel. Alhoewel ons vroeër gesê het dat hier op die regte pad beweeg word, is die pad nou byster geraak. Want sekerlik is dit ook nie die beskrywing van 'n ware geloof nie.

5. Geloof in die goeie grond

Laastens kom ons by die eintlike ligging van die saad in ons teksgedeelte. Die goeie grond. Die saad wat in die goeie grond val kan soos volg beskryf word. Dit is die kennis van die Here wat ter harte geneem word, 'n vaste vertroue word deur die Heilige Gees gewerk. En uiteindelik dra die saad veelvuldige goeie vrugte. Daarom is dit uiteindelik die ware geloof.

Die eerste saak oor die ware geloof is dat dit 'n skaars item is. Ons hoef maar net na die toestand van kerke vandag te kyk, om dit te besef. Die goeie vrugte wat goeie dade ter uitbreiding van die koninkryk van die Here is, is skielik nie meer so volop vandag nie. Maar dan is daar ook 'n ander saak wat vir ons duidelik geopenbaar word in hierdie gelykenis van die saaier. Goeie grond is nie iets wat sommer netso, volop beskikbaar is nie.

Goeie grond moet voorberei word. En uiteindelik het die saad tog nie die vermoë, om die grond voor te berei nie. Dit is die saaier wat dit doen. Daarom wanneer die saad in ons as goeie grond val het ons geen rede op trots en hoogmoedig te raak nie. Dit is net die Here alleen wat ook vir ons die goeie grond kan maak waarin die saad van die evangelie kan groei. Enige goeie vrugte wat ons dus dra is niks anders as genade op genade nie. Ware geloof kom dus genadig uit die hand van die Vader, dit is nie iets wat ons kan bewerkstellig nie.

6. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur 'n ware geloof op te som. 'n Ware geloof het veral drie komponente soos ons gesien het. Eerstens is daar die kennis. Die kennis van die Here is nie iets soos 'n akademiese kwalifikasie wat verwerf word en afgehandel is nie. Nee, hierdie kennis is iets waarop ook voortdurend voortgebou moet word. Dus moet die Woord gereeld bestudeer word, beide

individueel en saam met die
gemeenskap van gelowiges.

Die tweede aspek is 'n vaste vertrou. 'n Vaste vertrou is die gevolg van geloof wat die hoogste prioriteit in my lewe beslaan. Hierdie vertrou kan maklik gemeet word aan my keuses, maar veral my vrese en bekommernisse in die lewe. Die laaste komponent is die goeie vrugte. Geloof is nie iets wat steriel weggebêre kan word nie. 'n Ware geloof het aksie tot gevolg. Goeie dade wat in dankbaarheid natuurlik voortspruit.

Laastens is dit belangrik om te beklemtoon, dat nie een van hierdie elemente voortspruit uit my eie vermoëns en inspanning nie. Alles is net genade wat ons onverdiend van die Here ontvang. Daarom kan ons nie op enige iets roem nie. Ons moet dankbaar vir die genade wat ons ontvang, goeie dade tot eer en verheerliking van die Here doen.

Amen